# PROSEDURE VIR DIE VOORLEGGING EN EKSAMINERING VAN TESISSE EN PROEFSKRIFTE (2026)

## Aanstelling en beskikbaarheid van eksaminatore

Wanneer eksaminatore aangestel word, moet studieleiers/promotors hulle inlig dat hulle slegs 'n elektroniese kopie van die tesis/proefskrif gaan ontvang; dit staan hulle vry om dit uit te druk. Studieleiers/promotors moet eksaminatore ook in kennis stel wanneer hulle die tesis/proefskrif na verwagting vir eksaminering sal ontvang. Eksaminatore van 'n doktorale proefskrif moet ook bewus gemaak word van die datums waartydens die mondeling-eksamen gaan plaasvind.

In gevalle waar eksaminatore lank voor die tyd (nie in dieselfde jaar as voorlegging nie) aangestel is, of waar studente die voorlegging van hulle werk uitgestel het (nie in dieselfde jaar as wat hulle die *Voorneme om in te Lewer*-vorm ingedien het nie), moet studieleiers/promotors die beskikbaarheid van eksaminatore asseblief bevestig.

## Prosedure vir voorlegging van tesis/proefskrif vir eksaminering

1. Die studieleier/promotor moet die voorgestelde eksaminator informeel nader om vas te stel of hy/sy vir die eksaminering beskikbaar is. Die vereiste **benoemingsvorm** vir doktorale en magisterkandidate moet teen die sluitingsdatum (24 Maart vir Desember se voltooiingsbrief of 15 June 2026 vir Maart/April 2027-gradeplegtigheid) vir die agenda van die Komitee vir Hoër Grade en Navorsing (KHGN) aan fasscomm@sun.ac.za gestuur word. Nadat die benoeming deur die Komitee vir Hoër Grade en Navorsing, die Fakulteitsraad en Senaat goedgekeur is, bestuur die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering (KNE) die proses van amptelike benoeming en aanstelling.
2. Die student moet die KNE (en hul studieleier/promotor) in kennis stel van sy/haar voorneme om te gradueer deur die voorgeskrewe **Voorneme om in te Lewer-vorm** in te dien. Hierdie vorm is op die **KHGN-webwerf** beskikbaar waartoe studente toegang het.
3. Wanneer die tesis/proefskrif vir eksaminering gereed is (PDF en Word-dokument), moet alle vereiste dokumentasie in 'n lêer verpak word met die student se naam en studentenommer as titel, bv. Adam Smith (12345678). Dit kan met die KNE (fasspeo@sun.ac.za) gedeel word as 'n ZIP-lêer via e-pos, via 'n institusionele OneDrive-skakel, of via elektroniese hulpmiddels soos WeTransfer.
4. Die voorgeskrewe **verklaring deur die studieleier/promotor** dat hy/sy die voorlegging van die werk steun aldan nie, moet saam met die tesis/proefskrif gestuur word. Geen tesis/proefskrif mag vir eksaminering gestuur word sonder die toestemming van die studieleier nie. Die kredietwaarde (die tesisgewig) en woordtelling van die tesis/proefskrif moet ook ingevul word. Die verklaring is op die **KHGN-webwerf** beskikbaar. Dit word aan die eksaminatore gestuur.
5. 'n Elektroniese kopie van die goedkeuringsdokument vir etiese klaring OF die dokument waarop **vrystelling van etiese klaring** aangedui word, moet saam met die tesis/proefskrif gestuur word. Die goedkeuringsdokument is deur die **Navorsingsetiekkomitee** uitgereik nadat 'n student 'n aansoek om etiese klaring suksesvol via die aanlynstelsel ingedien het. Die **etiekvrystellingsverklaring** is beskikbaar op die **KHGN-webblad** en is slegs van toepassing op studies wat vrygestel is van etiese goedkeuring.
6. 'n Elektroniese kopie van die Turnitin-verslag se opsommingsbladsy wat die ooreenkoms-persentasie wys. Dit word aan die eksaminatore gestuur.

7. ’n Elektroniese kopie van die getekende **Eksamenverklaring vir die gebruik van Kunsmatige Intelligensie (KI)-hulpmiddels** moet saam met die proefskrif ingedien word. Die verklaring is ook op die **KHGN-webwerf** beskikbaar. Dit sal aan die eksaminatore gestuur word.
8. Die KNE is verantwoordelik vir:
    - die uitstuur van die benoemingsbrief aan eksterne eksaminatore;
    - die uitstuur van die tesis of proefskrif aan die *interne* en *eksterne* eksaminatore;
    - die opvolg van die eksamineringsproses;
    - die ontvangs van die verslae van al die eksaminatore;
    - die uitstuur van die verslae aan departemente vir die berekening van die punte van magisterkandidate;
    - die hantering, volgens die voorgeskrewe prosedures, van gevalle waar ernstige verskille tussen eksaminatore van ’n magisterkandidaat se werk voorkom;
    - die hantering, volgens die voorgeskrewe prosedures, van gevalle waar ernstige verskille tussen eksaminatore van ’n doktorale kandidaat voorkom wat nie deur die eksamenkommitee opgelos kon word nie;
    - die reëling van die mondelinge eksamens van doktorale kandidate;
    - die reëlings vir die betaling van eksterne eksaminatore.
9. Departemente is verantwoordelik vir die laai van punte van magisterkandidate.
10. Die fakulteitsekretaris is verantwoordelik vir die laai van doktorale kandidate se uitslae.

## Belangrike skakels en bronne

- Fakulteitsbeleidsdokumente en -vorms (vir hoërgraadstudente en studieleiers): https://arts.sun.ac.za/af/hdrc

- Inligting rakende etiese klaring, ontmoetingsdatums en die elektroniese aansoekproses: https://www.su.ac.za/af/navorsing/navorsingsontwikkeling/integrity-ethics/research-ethics-committee-social-behavioural-and-education-research

- Inligting rakende die indiening van tesisse en proefskrifte op SUNScholar: https://www.su.ac.za/af/biblioteek/hulp/inlewering-van-tesis-en-proefskrif

- Institusionele navorsingsbeleidsdokumente, insluitend verantwoordelike navorsingsgedrag en plagiaat: https://www.su.ac.za/af/navorsing/navorsingsontwikkeling/policies-and-guidelines

## Kontakbesonderhede van die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering

Alle navrae oor die eksamineringsproses en -prosedures vir hoërgradestudente moet per e-pos aan die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering gerig word (fasspeo@sun.ac.za).

# DATUMS EN KEERDATUMS VIR DIE EKSAMINERING VAN TESISSE EN PROEFSKRIFTE (2026)

Die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering (KNE) hanteer die eksamineringsproses vir alle hoër grade (MA en PhD) binne die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Om in aanmerking te kom vir graduering in Maart/April 2027, moet hoërgradestudente hulle tesis of proefskrif op of voor 'n spesifieke keerdatum inlewer vir eksaminering. Hierdie vasgestelde datums val saam met die sluitingsdatums vir die agendas van die Fakulteit se komiteestelsel en die **keerdatums van Universiteitsadministrasie**.

**BELANGRIK: Alle keerdatums moet as absoluut beskou word**. Enige tesis/proefskrif wat ná die sluitingsdatum ontvang word sal tot die volgende siklus vir gradeplegtigheid oorstaan, wat registrasie vir 'n bykomende studiejaar sal vereis.

| DATUM | AKTIWITEIT | MA | PhD |
|---|---|---|---|
| **13 Januarie** | Komitee vir Hoër Grade en Navorsing se agenda sluit. Vergadering is 27 Januarie. | X | X |
| 25 Februarie | Fakulteitsraadvergadering. (SENAAT: 10 Maart) | | |
| 27 Februarie | Laaste dag vir die laai van punte vir M-kandidate. | X | |
| 3 Maart | **KEERDATUM**: Laaste dag vir die oplaai van elektroniese weergawe van tesisse/proefskrifte na **SUNScholar** vir March 2026-gradeplegtigheid. | X | X |
| 24 – 27 Maart | **Gradeplegtighede** | X | X |
| **24 Maart** | Komitee vir Hoër Grade en Navorsing se agenda sluit. Vergadering is 7 April. | | |
| | **KEERDATUM VIR STUDIELEIERS**: Laaste geleentheid vir die nominasie van eksaminatore vir Meesters- en Doktorale kandidate wat 'n Desember-voltooiingsbrief wil ontvang (eerste indieningssperdatum). | X | X |
| 6 Mei | Fakulteitsraadvergadering (vir goedkeuring van aanbevelings van KHGN; SENAAT: 9 Junie). | | |
| 12 Mei | **KEERDATUM VIR STUDENTE**: Laaste dag vir die indiening van die vorm wat aandui dat die student **van voorneme is om hul tesis/proefskrif betyds vir eksaminering in te dien** vir Maart/April 2027-gradeplegtigheid. | X | X |
| **15 Junie** | Komitee vir Hoër Grade en Navorsing se agenda sluit. Vergadering is 14 Julie. | | |
| | **KEERDATUM VIR STUDIELEIERS**: Laaste geleentheid om **eksaminatore** vir M- en D-kandidate met die oog op die Maart/April 2027-gradeplegtigheid te benoem. | X | X |
| **31 Julie** | **EERSTE INDIENINGSDATUM:** Laaste dag vir die indien van PhD-proefskrifte by die Nagraadse Eksamenskantoor vir eksaminering om 'n voltooiingsbrief in Desember 2026 te ontvang. | | X |

## DATUMS EN KEERDATUMS VIR DIE EKSAMINERING VAN TESISSE EN PROEFSKRIFTE (2026)

| DATUM | AKTIWITEIT | MA | PhD |
|---|---|---|---|
| 12 Augustus | Fakulteitsraadvergadering (goedkeuring van aanbevelings van die KHGN. SENAAT: 22 September). | | |
| **4 September** | **EERSTE INDIENINGSDATUM:** Laaste dag vir die indien van Meestersgraad-tesisse by die Nagraadse Eksamenkantoor vir eksaminering om 'n voltooiingsbrief in Desember 2026 te ontvang. | X | |
| **14-25 September** | **MONDELINGE EKSAMENS vir Doktorale kandidate vir Desember-voltooiingsbrief**. Alle mondelinge eksamens moet op of voor 25 September plaasvind om deur die HDRC goedgekeur te word en deur die Fakulteitsraad en Senaat bekragtig te word. | | X |
| **15 September** | Komitee vir Hoër Grade en Navorsing se agenda sluit. Vergadering: 29 September | X | X |
| **23 September** | **INDIENINGSKEERDATUM: Laaste dag vir inlewering van PhD-proefskrifte by die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering met die oog op die Maart/April 2026-gradeplegtigheid**. Laat inlewerings sal tot die volgende gradeplegtigheidsiklus oorstaan. | | X |
| **26 Oktober** | **INDIENINGSKEERDATUM: Laaste dag vir inlewering van M-tesisse by die Kantoor vir Nagraadse Eksaminering met die oog op die Maart/April 2026-gradeplegtigheid**. Laat inlewerings sal tot die volgende gradeplegtigheidsiklus oorstaan. | X | |
| 28 Oktober | Fakulteitsraadvergadering (vir goedkeuring van aanbevelings van KHGN; SENAAT: 10 November). | | |
| **4 November tot 11 Desember** | **MONDELINGE EKSAMENS van doktorale kandidate** vir Maart/April 2026 gradeplegtigheid. | | X |
| *TBC* | *Laaste dag vir die laai van punte vir M-kandidate om 'n voltooiingsbrief in Desember te ontvang.* | X | |
| *TBC* | *Laaste dag vir die oplaai van elektroniese weergawes van tesisse na SUNScholar om 'n voltooiingsbrief in Desember te ontvang.* | X | X |
| *Februarie 2027* | *Die datum vir die laai van punte vir M-kandidate sal gedurende Februarie 2027 wees.* | X | |
| *Februarie 2027* | *Die datum vir die oplaai van elektroniese weergawe van tesisse/proefskrifte na **SUNScholar** vir die Maart/April 2027-gradeplegtigheid sal eers met die publikasie van die 2027 Almanak bekend gemaak word.* | X | X |
| *March/April 2027* | ***Gradeplegtighede*** | X | X |